Wilgers
Aftree-oord Retirement Village

# Die Posduif

Trollope Road/weg
Willow Park Manor
Tel 012 000 4400
wilgersretirementvillage.co.za

Augustus/August 2026

## Julie 2026 :Bestuursraad



***Raad van Direkteure 2026:***

***Wilmie de Kock**, Direkteur: Sosiaal*
***Irma Ehlers**, Direkteur: Kommunikasie*
***Dieter Spindelböck**, Voorsitter en Direkteur: Finansies*
***Linda Pienaar**, Direkteur: Tuine*
***Linda Roux**, Direkteur: Kontrakte en Regsnakoming*
***Ben Pentz**, Direkteur: Infrastruktuur*
***Dolf Reineke**, Direkteur: Sekuriteit, SHE* en Risikobestuur*

***(* Safety, Health & Environment)***

Ons is verheug om vier lede op die Raad van Bestuur te verwelkom. Drie van hulle, **Ben Pentz**, **Dolf Reineke** en **Linda Roux**, is tydens die Algemene Jaarvergadering op 7 Julie 2026 tot die Raad verkies, en **Irma Ehlers** is weer as Direkteur: Kommunikasie aangestel, wat die Raad voltallig maak.

Ons wens elkeen van hulle baie geluk met hul aanstelling en sien uit daarna om saam met hulle te werk. Hulle bring waardevolle ervaring, nuwe perspektiewe en 'n opregte betrokkenheid by die welstand van ons gemeenskap.

Dolf is nie 'n onbekende gesig op die Raad nie. Hy dien reeds sedert Februarie 2026 as gekoöpteerde direkteur en sy aanstelling is tydens die Algemene Jaarvergadering amptelik deur die lede bekragtig. Gedurende hierdie tyd het hy reeds 'n waardevolle bydrae gelewer en homself as 'n toegewyde lid van die Raad bewys.

Ongelukkig moes ons ook afskeid neem van **Hannes Jooste**, wat bykans drie jaar lank met groot toewyding op die Raad gedien het. Hannes het veral op die gebied van infrastruktuur 'n betekenisvolle bydrae gelewer en verskeie projekte met toewyding en praktiese insig bestuur. Ons bedank hom opreg vir sy harde werk, sy bereidwilligheid om altyd 'n hand by te sit en die verskil wat hy gedurende sy termyn gemaak het. Ons wens hom alles van die beste toe vir die toekoms.

Om op die Raad te dien, bring 'n groot verantwoordelikheid mee. Dit vra tyd, toewyding en die bereidwilligheid om voortdurend te leer en saam moeilike besluite te neem. Verskillende menings en nuwe idees is deel van 'n gesonde Raad, en wanneer dit met respek en 'n gemeenskaplike doel benader word, maak dit ons sterker.

Ons gedeelde doel bly eenvoudig: om Wilgers Aftreeoord 'n veilige, goed bestuurde en aangename plek te hou waar inwoners met trots kan woon.

Ons verwelkom ons nuwe raadslede en sien uit na die waarde wat elkeen tot die Raad en ons gemeenskap sal toevoeg.

***Niki le Clus, Algemene Bestuurder***

**Redaksie**: Redakteur: Irma Ehlers. Taalversorging: Pieter de Bruyn, Heloïse Combrink, Philip Nel. Oordbestuurder: Niki le Clus.
Artikels/Fotos: Urma Jacobs, Monika Roode, Rika Hamman. Stuur bydraes aan: Irma Ehlers te: joehlers1@gmail.com

# Inhoud en Noodtelefoonnommers


| | |
|---|---|
| July 2026 : Board of Directors | p2 |
| Sosiale Datums | p2 |
| Barbie Klerekas | p3 |
| Kompliment vanuit Durban | p3 |
| Tuine | p4 |
| Vaderland en Moedertaal | p5 |
| Wie kan dit Onthou | p5 |
| Duplikaat van Huissleutels | p6 |
| A question of Courage | p7 |
| Compliance | p7 |
| 90+ Verjaarsdae | p7 |
| Nuwe Inwoners | p8 |
| Gesoute Getroudes | p9 |
| Geluk aan ons 90-plussers | p9 |
| Strawberry Moon | p10 |
| Anamorfose | p11 |
| Internasionale Skaakdag | p12 |
| Speletjies | p13-14 |


| | | |
|---|---|---|
| Ambulance | APA | 0860 112 911 |
| Fire Brigade | 10177 | 012 358 2541 |
| Metro Police | | 012 358 7095 |
| SAP, Silverton | 10111 | 012 845 4000 |
| Impacrt Electricity | | 082 785 6691 |

**Services/Dienste**

| | | |
|---|---|---|
| Reception | 3001/2 | 012 000 4400 |
| Security Main Gate | 4010 | 082 569 7444 |
| South Gate | 4010 | |
| Beauty Salon | 3009 | 079 106 4124 |
| Hair Salon | 3007 | 064 686 6495 |
| Laundry | | 073 381 5581 |
| Kitchen | 3006 | 012 880 1943 |
| Frail Care | 3005 | 063 379 8878 |
| Sr Isabel Oosthuizen | 3012 | 066 250 5897 |

After hours medical emergency: Contact Frail Care

# July 2026 : Board of Directors

We are delighted to welcome four members to the Board of Directors. Three of them, **Ben Pentz**, **Dolf Reineke** and **Linda Roux**, were elected to the Board at the Annual General Meeting held on 7 July 2026. **Irma Ehlers** has once again been appointed as Director of Communications, completing the full Board.

We congratulate each one on their appointment and look forward to working alongside them. They bring with them valuable experience, fresh perspectives and a genuine commitment to the wellbeing of our community.

Dolf is no stranger to the Board. He has been serving as a co-opted director since February 2026, and his appointment was formally ratified by the members at the Annual General Meeting. During this time, he has already made a meaningful contribution and proven himself to be a dedicated member of the Board.

We also bid farewell to **Hannes Jooste**, who served on the Board with dedication for almost three years. Hannes made a significant contribution, particularly in the area of infrastructure, where he managed a number of important projects with commitment and practical insight.

We sincerely thank him for his hard work, his willingness to always lend a helping hand, and the positive difference he made during his term of office. We wish him every success in the future.

Serving on the Board comes with significant responsibility. It requires time, commitment and a willingness to continually learn while working together to make important decisions. Different viewpoints and new ideas are an essential part of a healthy Board, and when approached with respect and a shared purpose, they make us stronger.

Our common goal remains simple: to ensure that Wilgers Retirement Village continues to be a safe, well-managed and welcoming community that residents are proud to call home.

We warmly welcome our new Board members and look forward to the positive contribution each of them will make to both the Board and our community.

***Niki le Clus, General Manager***

**IN MEMORIAM**

Maria Bischoff (Eenheid 1038) 3 Augustus 1938—11 Julie 2026

Ons innige simpatie aan familie en vriende / Our deepest sympathy to family and friends

# Barbie-klerekas te Kies en te Keur

Praat van breitalent…

In ons vorige uitgawe van Die Posduif het ons vertel van die handewerk van ons vlytige breigroepie wat jaarliks vir Solidariteit Helpende Hand warm klere en vele ander warm artikels brei en hekel.

Maar dit is beslis nie die enigste talent wat in ons Oord skuil nie! Gerda van Schalkwyk (Huis 97) beskik oor 'n besonderse fyn hand en hekel en brei die kleinste, mooiste en fynste popklere vir Barbie-poppe.



Met so 'n talent is dit seker nie verbasend dat Gerda se handewerk nie by popklere eindig nie. Sy hekel en brei feitlik enigiets, het ook 'n pragtige selfgebreide trui gedra en haar fyn kunsnaaldwerk getuig van nog 'n besondere vaardigheid.

Gerda beplan om by Roulé se breigroepie aan te sluit, want, soos sy self sê, "'n mens moet met iets besig bly". Ons weet mos almal van die duiwel se oorkussing, né?

Nou ja, oumas en oupas, indien jul kleinkinders se Barbie-poppe 'n nuwe klerekas benodig, weet julle wie om te kontak! ***Red***




***'n Kompliment vanuit Durban:***

"Ek skryf sommer namens my pa, Dries Brunt (Eenheid 173), net om te sê dat ons by julle Oord aan die begin van Julie gekuier het (dit is nou my suster en ek van Durban) en hoe beïndruk ons was met die plek oor die algemeen. Die tuine is werklik iets om te aanskou, asemrowend soms (en dit in die winter!). Ek dink die bestuur en eienaars verdien werklik 'n pluimpie.

***Marinda Claasen***



***Wintertuine (vervolg)*** Soms is dit asemrowende prag en praal, en soms net unieke speelsheid met ‘n Afrika-tema en ander – nooit dieselfde, nooit vervelend!













# Vaderland en Moedertaal



Die terme kom uit historiese-, kulturele- en taalkundige tradisies wat die geboorteland (die vader se land) en die eerste taal (die moeder se taal) metafories koppel aan ouerskap. **Moedertaal** verwys letterlik na die eerste taal wat die kind by die moeder aanleer. Dis die taal van jou kultuur, identiteit en hart. **Vaderland** verwys na die land van die vaders (jou voorouers, herkoms en grondgebied) en het histories ontstaan in 'n patriargale samelewing waar mans die fisiese verdediging en regering van die gebied behartig het.

Die woord *Vaderland* is gebaseer op die Latynse woord *Patria* wat weer afgelei is van *Pater* (vader). In die Romeinse kultuur kon slegs mans huise en grond besit. As dit by taal kom, word daar egter duidelik eerder aan die moeder gedink. Dit moet wees omdat sy as die eerste opvoeder van 'n kind beskou word. Die kind kry die taal met die paplepel (en die moedersmelk).

*Vader tyd* en *moeder natuur* is nie werklike ouers nie, maar personifikasies (vermensliking). Die mensdom gebruik hierdie terme as metafore om ontsaglike, lewegewende en onbeheerbare kragte van tyd en die aarde beter te verstaan en te beskryf.

*Moeder natuur* is die skepper en versorger. Sy verteenwoordig die aarde en die natuur as 'n moederfiguur omdat sy lewe skenk, voed en beskerm - net soos 'n ma. *Vader tyd* is 'n kulturele personifikasie wat geassosieer word met die verloop van tyd.

Ons hier in die Oord is maar al te bewus van tyd en versorging, maar daar kan ook iets humoristies aan gekoppel wees, soos die twee ou manne wat rustig op 'n stoep sit toe daar 'n pragtige, jong dametjie verby loop. Die een sê vir die ander: "Jong, kom ons gaan gooi flikkers vir daardie mooi enetjie." Sy maat antwoord: "Nee, jong. Vader en moeder sal dit nie toelaat nie." "Leef jou pa en ma dan nog?"

"Nee," kom die antwoord. "Ek praat van vader tyd en moeder natuur."

***Pieter de Bruyn***

# Wie kan dit Onthou?



*Foto: Ken Barnard*

**Stuur gerus nog foto's uit ons Oord se vroegste jare en deel in die nostalgiese herinneringe**

# Duplikate van Huissleutels

Partykeer hoor 'n mens opmerkings soos: "Hoe veilig is ons huissleutels se duplikate nou eintlik by Frail Care?"

Dit is te verstane as die proses onduidelik is oor hoe die sleutels gestoor word.

Dat dit inderdaad 'n kwessie van lewe of dood kan wees indien iets met jou gebeur en mediese personeel nie toegang tot jou woning kan kry omdat daar geen duplikaatsleutel by Frail Care is nie, spreek vanself. Die onus rus steeds op elke inwoner om seker te maak dat 'n duplikaatsleutel veilig by Frail Care bewaar word. Dit is 'n eenvoudige reëling wat in 'n noodgeval kosbare tyd – en moontlik selfs 'n lewe – kan red.




***Hiermee 'n humoristiese storie (alhoewel ek dit nie graag self sal wil oorkom nie) oor die streng vereistes by Frail Care voordat jy jou eie sleutel kan kry***


Wanneer 'n mens jou motor voor sewe in die oggend in die winter, by die handelaar moet hê vir 'n diens, is meeste vrouens nou nie eintlik vol vreugde nie. Gelukkig word jy darem weer voor agt by jou huis afgelaai.

Dis koud en die warmte van die huis roep! Wee o wee! Die huissleutels is in die motor! Hoe nou gemaak? Wel die bure het nog my een stel ekstra voordeursleutels, maar dit is 7:45 in die oggend. Bel maar, maak verskoning en vra vir die sleutels!

So gesê so gedaan! Die sekuriteitshek gly sommer oop, maar die houtdeur se slot weier om die sleutel toe te laat om te draai! Wat nou! O ja, "Frail Care" het mos ook 'n sleutel!

Natgespook in die koue is dit die oplossing!

Die suster aan diens luister geduldig, vra hoekom ek en my sleutels geskei is, neem haar sleutels uit haar sak, sluit die sleutelkassie oop, haal my spaarsleutels uit (onder die kamera se wakende oog) en maak die register oop! Naam en van, eenheidnommer, rede vir die sleutelversoek, tyd, datum en handtekening moet ook eers ingevul word!




Die register vind sy plek en die sleutelkassie word weer gesluit!

Einde van die koue verhaal? Dis nie die sleutel wat die probleem is nie; dit is die slot! Die arme houtdeur word geruk en gepluk, gestamp, liggies beweeg en die sleutel word eers saggies en dan met bietjie meer krag en dan amper gewelddadig beweeg en aangespreek, maar die uiteinde is om maar vir Edwin en die "angle grinder" te wag!

Ek sit geduldig op my trembankie en koud kry en wag!

Edwin arriveer, karring 'n bietjie en die slot, wat seker ook moeg was van die gespook, besluit dat hy meer van Edwin hou as van my en laat die sleutel toe om te draai!

Wil net sê: om jou huis se sleutel by "Frail Care" te kry, is glad nie so maklik nie!

Dáár is dit in veilige hande!

***Louise Combrink***

**Redaksionele voetnota: Geen slotte is tydens die skryf van hierdie artikel beseer nie. Edwin se reputasie as slotfluisteraar bly ongeskonde.*

# A Question of Courage

How do we want to live our lives in our Retirement Village?

Do we want to be the person who constantly focuses on what is wrong, who criticises easily and struggles to see the good in others and in all that our Village has to offer? Or do we choose a more fulfilling path — one of positivity, kindness, involvement and respect for those around us?

I have found it incredibly rewarding to work alongside residents in our Village. I have been blessed with the opportunity to participate in various projects, meeting people, building trust and forming friendships that no money can buy. These connections are precious because they are built on something simple yet powerful: people feeling seen, heard and valued.

The older I get, the more I realise that time is our one truly irreplaceable resource. How we choose to use it, matters.

Sometimes it takes courage to become involved. It means stepping forward, even when we are unsure of the outcome, and being willing to share our talents, ideas and time. Courage is not the absence of uncertainty; it is choosing to participate despite it.

Every resident has something valuable to offer. By becoming involved in activities, projects or committees, we can help build the kind of community we all want to live in — a Village where people care about one another, where kindness is noticed and



where nobody feels alone.

Empathy does not require a script. Often it is simply listening, withholding judgement, showing understanding and reminding someone: "You matter."

There will always be moments when we hesitate, when standing forward feels uncomfortable or when we wonder whether our contribution will make a difference. But every act of kindness, every helping hand and every moment of genuine connection adds something meaningful to our shared home.

At the end of the day, at the end of the week, and eventually at the end of our lives, may we all be able to say: "I contributed more than I criticised."

***Linda Pienaar***

## *Compliance*

……... is a bit like wearing a seatbelt. Nobody climbs into a car feeling excited about fastening it, but when something unexpected happens, it suddenly becomes the smartest thing you did all day.

The same applies to guidelines and rules. They may sometimes seem unnecessary or a little inconvenient, but they are there for one reason: to keep us safe, protect our community, and help things run smoothly.

So, the next time you wonder why a particular rule exists, think of it as your seatbelt. It may not be the most exciting part of the journey, but you'll certainly appreciate it when you need it most.

# New Residents /Nuwe Inwoners

'n Hartlike woord van welkom aan al ons nuwe inwoners. Om na 'n nuwe plek te verhuis is altyd 'n groot stap, maar ons hoop dat julle gou hier sal tuis voel.

***Urma Jacobs***



**Ursula Laubscher** van Eenheid 1027, is n afgetrede gespesialiseerde verpleegkundige. Sy het vir 46 jaar in Klerksdorp gewoon en gewerk,

Sy het twee kinders: Haar seun, skoondogter en enigste kleinseun woon in Pretoria en hulle het besluit dat hul ma nader moet kom woon. Haar dogter woon in Engeland.

Ursula kyk graag sport, lees en is 'n ywerige breier. Sy sê sy het "die kuns van niksdoen vervolmaak".



**Tersia vd Merwe** van Eenheid 1004, is n oud-onderwyseres wat wiskunde gegee het by Hoërskool Wesvalia in Klerksdorp.

Sy is baie gelukkig dat haar drie dogters in Pretoria woon, maar ongelukkig woon haar twee seuns verder weg in die Kaapprovinsie.

Sy is die ouma van nege kleinkinders en twee agterkleinkinders. Sy geniet brei en gaan beslis by ons breigroepie aansluit!

Sy lees baie en kyk graag sport op TV.



**MJ Jorgensen**, 'n vrou van min woorde maar baie talente, het aan die begin van Julie in Eenheid 302 ingetrek. Haar broer, wat reeds in ons Oord woon, het haar glo "geïnspireer" (sy hou vol dit was eerder "geforseer") om ook hier in te trek.

Sy is 'n kommersiële eiendomsagent wat haar eie onderneming bedryf.

In haar vrye tyd hou sy haarself besig met gereelde gimnastiekklasse en hardloop ook graag om fiks te bly.

# Gelukwense aan ons 90-plussers!

Baie geluk aan ons Augustus 90-plussers met jul verjaarsdae. Mag hierdie mylpaal vir julle 'n ryklik geseënde jaar bring.

***Monika Roode***



Hennie Siebert, van Woonstel 1156, word op 1 Augustus 93 jaar oud.

Patsy Hawkes, van Woonstel 1037, word op 14 Augustus 90 jaar oud.




# Starry-starry Eyed….



Baie geluk aan ons gesoute getroudes — julle bewys dat ’n lang huwelik gebou word op liefde, verdraagsaamheid, ’n goeie sin vir humor en die bereidheid om mekaar soms ’n bietjie gladder te skaaf! ***Urma Jacobs***





Starry-eyed 52 years ago, **William and Moira Hofmeyer** (130) will celebrate this anniversary on 25 August. Congratulations.





En net sulke sterre in die oë van **Gawie en Nieta van der Merwe** (145) toe hulle 60 jaar gelede op 7 Augustus, trou aan mekaar beloof het. Geluk.






Vrydag **11 September** : Bierfees,
Saterdag **10 Oktober** : Elegante aandfunksie
Saterdag **7 November** : Jaarlikse markoggend
Saterdag **14 November**: Conwonnité koor



# Anamorfose



*Foto en artikel: Rika Hamman*



Hier in ons Oord is baie kunstige mense. Sommiges skilder, ander doen die mooiste hout- of naaldwerk.  Ons het verlede maand gesien hoe kunstig is baie met brei- en hekelpenne.  Dan is hier ook nog mense wat minder bekende kunsvorme beoefen soos leer-, piouter- en beeldhouwerk.

Ek het egter onlangs van 'n, vir my heel vreemde, kunsvorm bewus geraak.  Vyf kilometer uit Howick, langs die R103, is 'n gedenkteken en museum opgerig op die plek waar Nelson Mandela op 5 Augustus 1962 gevange geneem is voor die Rivonia-verhoor.

Dit is presies 50 jaar later onthul op 5 Augustus 2022.  Die kunstenaar was Marco Cianfanelli en die argitek Jeremy Rose.

Aanvanklik lyk dit amper soos 'n netjiese rommelwerf met staalplate van verskeie lengtes waaruit snaakse hoeke gesny is.  Dit is egter 'n tipe optiese grafika, bekend as ANAMORFOSE. Hierdie deurmekaarspul kry skielik vorm sodra jy op 'n gemerkte punt staan en kyk!  Hierdie spesifieke "beeld" bestaan uit 50 staalpilare in lengtes van 6.5 tot 9.5m lank wat met laser in verskillende vorms gesny is en kyk hoe lyk dit nou!

# A fleeting moment in the ever-changing night sky



*Foto: Rika Hamman*

The Strawberry Moon on 30 June 2026 was a beautiful reminder of nature's quiet grandeur.  The name comes from Native American traditions marking the short strawberry harvesting season in North America. As the full Moon closest to the summer solstice in the Northern Hemisphere, it has long been associated with abundance, growth, and the changing of the seasons. Seeing and capturing this full moon is a special moment, connecting us with centuries of cultural traditions and the timeless rhythm of the night sky. Its beauty lies not only in its glow but also in the stories and symbolism it has carried across generations.

2026

# Julle Plaaslike Oogkundige

eyeC

## Tyd vir 'n oogtoets

Moenie alleen voortsukkel nie en moenie julle geliefde aktiwiteite soos lees of rekenaarwerk vaarwel toeroep nie. Kom kuier gerus vir ons! Julle plaaslike oogkundige, **Elzette le Roux**, is net om die draai.

Ons is opgewonde om vervoeropsies binnekort deel te maak van ons pakket. Wees op die uitkyk vir begindatum.

Ons is reg langs **Woolworths** in Equestriawinkelsentrum. Daar is 'n gemaklike oprit vir rolstoele en geen parkeerkoste nie.



Kontak gerus Ontvangs:

| 012 807 6919

| 066 156 0312

| equestria@eyec.co.za




***Indien bogemelde iets is wat jy al 'n ruk lank oorweeg het maar nog net nooit by uitgekom het nie, kom dan gerus vir jou gratis gehoortoets op Donderdag 19 Augustus vanaf 09:00—12:00***

# Internasionale Skaakdag




*Ons Oord se gryskrag: Freddie Taute, Bertus Smit en Org du Toit.*


20 Julie word Skaakdag wêreldwyd gevier. Dié intellektuele oorlogspel word al meer as 1 500 jaar lank gespeel, en word al op skool aangebied. Sommige mense beweer dat dit wiskundige ontwikkeling stimuleer. Definitief leer dit mens om strategieë vooruit te beplan. Daar is verskeie rekenaarprogramme waarteen jy kan speel, maar ons lede is dit eens dat die een-tot-eenspel tog maar die ware Jakob bly.

Sommige van ons eie skaakspelers het ook die dag hier in ons Oord gevier. Omdat dit 'n tydsame spel is en almal se gesondheid en omstandighede van tyd tot tyd verskil, is besluit om nie ons saal vir 'n spesifieke tydgleuf te bespreek nie. Lede daag mekaar onderling uit op 'n geskikte plek, wat gewoonlik by iemand se huis is.

***Belangstellendes, mans en vrouens, kan vir Freddie Taute by 2006 kontak. Hy voeg jou by die lys en bring lede in kontak met mekaar.***





# Vermaak/ Entertainment













| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | | | | | | | | 5 |
| | | | | | | 8 | | 2 |
| 2 | | 4 | 7 | | | 1 | 9 | |
| | | 3 | | | 5 | | | |
| 4 | 1 | 5 | 9 | | | | | |
| 9 | 2 | | | 7 | | | 6 | |
| | | 1 | | 4 | | 2 | 5 | |
| | | | 8 | | | 6 | | 3 |
| | 7 | | | 3 | 1 | 9 | | |













*Oplossing van Sudoku*

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | 9 | 6 | 2 | 1 | 8 | 7 | 4 | 5 |
| 1 | 5 | 7 | 4 | 9 | 6 | 8 | 3 | 2 |
| 2 | 8 | 4 | 7 | 5 | 3 | 1 | 9 | 6 |
| 7 | 6 | 3 | 1 | 8 | 5 | 4 | 2 | 9 |
| 4 | 1 | 5 | 9 | | 2 | 3 | 7 | 8 |
| 9 | 2 | 8 | 3 | 7 | 4 | 5 | 6 | 1 |
| 8 | 3 | 1 | 6 | 4 | 9 | 2 | 5 | 7 |
| 5 | 4 | 9 | 8 | 2 | 7 | 6 | 1 | 3 |
| 6 | 7 | 2 | 5 | 3 | 1 | 9 | 8 | 4 |


# THE LOCAL CHOICE LA MONTAGNE PHARMACY

**231 Albertus Street, La Montagne**

**Phone: 012-803-4351 | Email: pharmacy@thelocalchoice.co.za**

## OUR SERVICES

- We are contracted with ALL medical aids.
- We provide all chronic medications, including professional blister packing.
- We deliver medication directly to your doorstep.
- We accept all credit cards, including Koop Krag and Pretorium Trust

## CLINIC SERVICES AVAILABLE

- Wound dressing
- Blood pressure monitoring
- Blood sugar testing
- Cholesterol screening
- And more…

the local choice
here for you.

My friendly staff and I look forward to assisting you with your specific needs for better health

# Please Support our Advertisers



# OUR STORY

**ALL ABOUT HOMES | PRETORIA EAST BRANCH**

**ESTABLISHED 2013 | SERVICE | TRUST | FUTURE-READY REAL ESTATE**

## A PEOPLE-FIRST REAL ESTATE FAMILY

**Built on quality service, expert knowledge and genuine care.**

All About Homes was established in 2013 and has grown into one of the fastest-growing entities in the real estate industry. Our combination of quality service and expert knowledge ensures that every client is in safe, capable hands.

We are passionate about people as well as property. With many years of customer relationship experience, our team takes the time to understand people, their goals and the decisions that matter most.

Our client-driven, team-based approach brings together diverse professionals, skilled marketing, effective communication strategies and the smart systems shaping the future of real estate - creating an experience that goes above and beyond expectations.

All About Homes is registered with the Property Practitioners Regulatory Authority

**01 QUALITY SERVICE**

Personal attention, clear guidance and expert support through every step of the real estate journey.

**02 TOOLS FOR THE FUTURE**

Modern systems, intelligent workflows and marketing platforms that help agents serve clients faster and better.

**03 TEAM-DRIVEN RESULTS**

A connected team of professionals working together with local knowledge, skilled marketing and consistent communication.

*Local expertise.* | *Future-ready systems.* | *People-first service.* AAH

